DISSIPELSKAP. LES 4

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir ’n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here

2	**DEEL** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **MATTEUS 11:25 – 14:36**

Maak beurte en ***deel kortliks*** (***of lees*** van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Matteus 11:25 – 14:36). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (20 minute) ***[SEKERHEDE]*** **SEKERHEID VAN VERHOORDE GEBEDE. JOHANNES 16:24**

A. MOTIVERING (vir memorisering)

Lees Psalm 119:9,11.
Ontdek en bespreek. Hoekom is dit belangrik om Bybelverse (of Bybelgedeeltes) te memoriseer?
Aantekeninge. Gememoriseerde Bybelverse sal jou help om ’n ware, skoon en heilige lewe te lei in hierdie verdraaide skewe wêreld.

B. MEDITASIE (van ‘n Bybelgedeelte)

(2)

Sekerheid van verhoorde gebede Johannes 16:24
Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. Johannes 16:24

Johannes 16:24

1. Die betekenis van God se name in die Bybel.

Gedurende die Ou-Testamentiese tyd het gelowiges God aangeroep met sy Naam “HERE” of “God” (Psalm 5:1-2). Hulle het nie hulle gebede afgesluit in die naam van God nie. In die Bybel het name betekenisse gehad. God se name is ’n uitdrukking dat God Homself ken en ook dat God Homself aan die mense openbaar. Deur sy **Naam** aan mense te openbaar wil Jesus Christus hê dat mense Hom moet ken presies soos Hy Homself geopenbaar het en wil Hy hê dat mense met Hom in gebed kan praat.

Die naam “God” (Hebreeus: Elohim) beteken “die Magtige Een wat respek en vrees (eerbied) eis” (Jesaja 40:18 en Jesaja 46:9-11). Die naam “HERE” (Hebreeus: JaHWeH) beteken, “Ek is wat Ek is” of “Ek sal wees wat Ek sal wees”. Dit is God se verbondsnaam, waarmee God sê dat Hy getrou sal bly aan die verbond wat Hy met sy volk gesluit het (Eksodus 3:14-15; 34:6-7).

Jesus Christus is die sigbare openbaring van die onsigbare God (Jesaja 9:6; Kolossense 1:15; 2:9). Ook sý name het betekenis. Die naam “Jesus” beteken “Verlosser” (Matteus 1:21). Die naam “Messias” of “Christus” beteken “Gesalfde Een”. Hy het hierdie naam, want Hy is gesalf met die Heilige Gees om die Laaste Profeet, die Hoogste Priester en die Ewige Koning te wees. As Profeet openbaar Christus God en God se woorde aan ons. As Priester bring Christus die offer vir ons sondes en bid vir ons. As Koning regeer Christus soewerein oor ons lewens en beskerm ons van die bose.

2. Bid in die naam van Jesus Christus.

Christene bid in die naam van Jesus Christus, want Hý is die Middelaar tussen God en mens. As *Middelaar van die skepping* het God ons deur Hom geskep (Johannes 1:3). As *Middelaar van die openbaring* het God Homself aan mense geopenbaar (Johannes 1:18). As *Middelaar van die verlossing* het God ons deur sy dood en opstanding volkome geregverdig (1 Korintiërs 1:30). As *Middelaar van die oordeel* sal Hy ons volkome vrypleit in die laaste oordeel (Johannes 5:21,24). En as *Middelaar van gebed* luister en verhoor God gebede in die Naam van Jesus Christus. Om in die Naam van Jesus Christus te bid het drie belangrike betekenisse.

(1) Jesus Christus het God se karakter, woorde en dade aan mense geopenbaar.

Christene kan God persoonlik en vertroulik ken, want hulle ken Jesus Christus. Hy wat Jesus Christus gesien het[1], het die onsigbare God gesien (Johannes 14:9-10). Hy wat Jesus Christus ken, ken God (Johannes 8:19; vgl. Matteus 11:27). Hy wat in Jesus Christus glo, glo in God (Johannes 12:44). Hy wat Jesus Christus aanvaar, aanvaar God (Johannes 13:20). God luister na die gebede van die Christene wat hulle in die Naam van Jesus Christus bid.

(2) Jesus Christus het die volmaakte geregtigheid vir gelowiges verwerf (verdien).

Die geregtigheid van 'n gelowige kom van God en is gebaseer op die offerdood en opstanding van Christus (2 Korintiërs 5:21). As God 'n gelowige in Jesus Christus sien, sien Hy net die geregtigheid van Jesus Christus! God luister na die gebede van Christene wat in Jesus Christus geregverdig is (1 Petrus 3:12).

(3) Jesus Christus het God se wil en weë aan mense bekend gemaak.

God luister na die gebede van Christene wat gebid word in harmonie met sy wil in Jesus Christus (1 Johannes 5:14). M.a.w. as gevolg van wat Jesus Christus gedoen het, het Christene direkte toegang tot God in die hemel (Efesiërs 2:18) en Christene mag God met vertroue en vryheid te enige tyd nader (Efesiërs 3:12; Hebreërs 4:14-16).

C. MEMORISERING EN HERSIENING

1. **Skryf** die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. **Memoriseer** die Bybelvers op die regte manier. **(2) Sekerheid van verhoorde gebede: Johannes 16:24.**
3. **Repeteer.** Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste Bybelverse vir memorisering na.

4	**BYBELSTUDIE** (70 minute) ***[LEWENSVRAE]***
	WAAR KOM EK VANDAAN? GENESIS 1:1 – 2:4a

Maak gebruik van die vyf stappe metode van Bybelstudie om **Genesis 1:1 – 2:4** saam te bestudeer.

STAP 1. LEES. **GOD SE WOORD**

Lees. KOM ONS LEES Genesis 1:1 - 2:4a saam.
Lees elkeen een versie totdat die hele gedeelte klaar gelees is.

STAP 2. ONTDEK. **WAARNEMINGS**

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?
Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?
Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.
Deel. (Nadat die groeplede omtrent twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel.
(Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie.)

1:27

***Ontdekking 1*. God het die man en vrou as beeld van God geskep.**

Ek is anders dan die diere, want hulle is nie in die beeld van God geskape nie. As beeld van God is ek 'n herkenbare kopie van God se persoonlikheid en karakter. Hy het aan my soortgelyke persoonlike en karakter eienskappe gegee as wat Hy Self het.

1:28

***Ontdekking 2*. God het my geskep vir 'n spesifieke doel (taak).**

Ek is geskape om 'n verhouding met God, met ander mense en met die geskape natuur te hê. Met betrekking tot God moet ek sy beeld met waardigheid dra. Met betrekking tot ander mense moet ek die onderskeid tussen manne en vroue respekteer. En met betrekking tot die natuur moet ek help om die natuur te onderwerp en daaroor te heers.

STAP 3. VRA. **UITLEG**

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGE IETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?
Kom ons probeer al die waarhede in Genesis 1:1 – 2:4 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.
Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.
Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om te dink en skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)
Bespreek. (Kies dan 'n paar van hierdie vrae en probeer hulle beantwoord deur hulle saam in die groep te bespreek.)

[1] D.w.s. geestelik gesien d.m.v. die historiese beskrywinge oor Hom in die Bybel

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente vra en notas oor die bespreking van die vrae.)

2:4

***Vraag 1*. Watter soort literêre vorm (genre) is Genesis 1:1 - 2:4?**

Aantekeninge. Aangesien die mens nie teenwoordig was by die skepping nie, gee God vir die mens na sý skepping 'n openbaring van wat by die skepping gebeur het, nie in die vorm van 'n wetenskaplike verhandeling, 'n filosofiese beeld of gedig nie, maar in die vorm van '*n geskiedkundige beskrywing*. "Dit is dan die geskiedenis (Hebreeus: toldot) van die hemel en die aarde toe (Hebreeus letterlik: "op *die dag* dat") hulle geskep is" (Genesis 2:4).

1:31 – 2:1

***Vraag 2*. Hoe lank het die skepping geduur?**

Aantekeninge. Die Bybel sê "in ses dae". Hoe moet hierdie 'dae' geïnterpreteer word?

Die Hebreeuse woord vir 'dag' is 'jom' en in Genesis 1 het die skrywer nie 'n letterlike 24 uur dag bedoel nie, want die meet van tyd was eers moontlik na die vierde skeppingsdag. Pas op die vierde skeppingsdag het God 'tyd', d.w.s. dae en jare soos dit op die aarde waargeneem word, geskep (Genesis 1:14)! In vers 5, verwys die woord 'dag' eers na die liggedeelte van 'n skeppingsdag en dan verwys dit na die hele skeppingsdag. In vers 14 verwys die woord 'dag' eers net na die liggedeelte van 'n 24-uur dag en dan na die hele 24-uur dag. En in Genesis 2:4 verwys die woord 'dag' na die hele skeppingsperiode (ingeslote al ses skeppingsdae)! Met ander woorde, die woord 'dag' word op 5 verskillende maniere in Genesis 1 en 2 gebruik!

In Genesis 1:27, op die sesde skeppingsdag, ná die skepping van die landdiere, het God die mens, man en vrou, geskep. Dit was op die sesde skeppingsdag God se laaste skeppingsdaad. MAAR, in Genesis 2:15-22 moes daar 'n aansienlike tydsverloop gewees het tussen die skepping van Adam en die skepping van Eva. Voor die skepping van Eva was Adam se taak om vir die groot tuin van Eden te sorg en daarin te werk. God se besluit om vir Adam 'n helper te maak wat by hom pas, hou in dat daar 'n lang genoeg tyd verbygegaan het waarin Adam al die diere, voëls en insekte geklassifiseer het, maar vir homself nie 'n lewensmaat ('n gelykwaardige helper) gevind het nie (Genesis 2:20). Uiteindelik het God die eensaamheid van die man tegemoetgekom deur vir hom 'n vrou te skep uit 'n gedeelte wat die naaste aan sy hart gelê het. Die bedoeling was dus nooit dat Genesis 1 wil leer dat 'n skeppingsdag net 24 uur lank was nie.

Die doel van Genesis 1 was *nie* om aan ons te vertel *hoe lank* gelede of hoe lank of hoe vinnig God geskep het nie, maar om aan ons te vertel *Wie* die heelal geskep het, *hoe* Hy dit geskep het en vir *watter doel* Hy dit geskep het.

1:1-2

***Vraag 3*. Hoe het God die heelal geskep?**

Aantekeninge.

(1) In die begin

"In die begin" (in absolute sin) het God die hemel en die aarde geskep. Dit gaan dus oor die geboorte van die heelal toe God materie, energie, ruimte en tyd geskep het uit iets wat nie waargeneem kan word nie (Hebreërs 11:3; Romeine 4:17). Die Bybelse openbaring konsentreer op die dinge wat later vir die mens belangrik sou wees in die heelal: die son, maan, sterre en die aarde. Let op dat God bestaan het voordat Hy 'tyd' geskep het. Die woord 'skep' (Hebreeus: bara') word nét van God gebruik en nooit van die mens nie.

Toe God die aarde geskape het, was die aarde leeg, vormloos en donker. Die aarde was leeg (Hebreeus: tohu): daar was geen land, geen bome en plante en geen lewende wesens nie. Die aarde was vormloos (Hebreeus: bohu): die aarde het geen geordende vorm gehad nie en het gelyk soos 'n vormlose watervloed (Hebreeus: majim).[2] Die aarde was duister (Hebreeus: choshek): daar was geen lig wat na die aarde deurgedring het nie.

Op die manier wat mense 'tyd' bereken, het dit 'n baie lang tyd geneem vir die vorming van die regte sterrestelsel met die regte elemente wat die Melkweg geword het, met die regte ster in die korrekte posisie wat die son geword het, en die regte planeet op die regte afstand van die son wat die aarde geword het en wat lewe kan onderhou. Hoe God geskep het en hoe lank of kort die skepping geduur het, word nie in die Bybel geopenbaar nie!

Genesis 1:1-2 dien as 'n inleiding tot die ses skeppingsdae, wat 'n uiteensetting is van die ordelike fases waarin God *sy skepping* van die planeet aarde in die heelal (soos ons dit vandag ken) *voltooi* het (Genesis 2:1).

---

[2] God se oordeel/vernietiging van Edom (Jesaja 34:8-11) en oordeel/vernietiging van Israel (Jeremia 4:22-28) deur die invaller uit die noorde word beskrywe in terme van Genesis 1:2 "tohu wa bohu". Daar is geen grond vir die gedagte dat Genesis 1:1-2 'n oorspronklike skepping was wat vernietig is vóór die sogenaamde tweede skepping in Genesis 1:3-31.

(0) "in die begin"	"skep" (Hebreeus: bara') GOD - "Skep" = uitsluitend 'n werksaamheid van GOD (Genesis 1;1) - "Skep" is skep uit niks: die materiële universum (Psalm 148:5; Hebreërs 11:39); tot stand bring *wat voorheen nie bestaan het nie*; groot seediere (Genesis 1;21), reëlmatig terugkerende natuurverskynsels soos die wind (Amos 4;13); wonders vir God se volk (Exodus 34:10); onheil (rampe) en vrede (geregtigheid) (Jesaja 45:7-8), 'n dooie opwek en 'n enkeling tot 'n volk maak (Romeine 4:17). - "Skep" = inklusief *voltooiing* deur "die geskape materie te maak, te bewerk tot" (Genesis 1:7,16,21,25-27; 2:3-4) - "Skep" = inklusief *onderhouding en vernuwing* van die skepping (Jesaja 41:17-20), die nuwe hemel en aarde (Jesaja 65:17), vernuwing van mense (Psalm 51:12)	**die hemel** (die heelal) - materie (elemente, hemelliggame, aarde) - lig (energie, lig, warmte) - ruimte - tyd **en die aarde** - leeg - vormloos, vloed - duister

(2) Die eerste skeppingsdag.

"In die begin" (in absolute sin) by die skepping van die heelal (Genesis 1:1) het God fisies lig (energie) geskep wat uitstraal van die sterrestelsels en hul brandende sterre (sonne) wat hul lig weerkaats in planete en mane (Genesis 1:3-5).

Genesis 1:3-5 is 'n uiteensetting van die ontstaan van fisiese lig en warmte (van die son) wat uiteindelik deurgedring het tot die aarde: God se skeppingswoord is tegelyk sy skeppingsdaad. "Laat daar lig wees (op die aarde wat tot nou toe in duisternis gehul was)!" "Lig" het tot die aarde deurgedring, maar die ligdraers (son, maan en sterre) het pas op die vierde skeppingsdag sigbaar geword op die aarde. Pas vanaf die vierde skeppingsdag het die son, maan en sterre die instrumente geword waardeur mense op aarde tyd en seisoen kon aandui (Genesis 1:14-18).

Lewe en lig is eienskappe van God. Lewe en lig is *inherent* aan God se natuur. 'Lewe' is 'n opsomming van al God se eienskappe en karaktertrekke, soos geregtigheid, heiligheid, liefde, getrouheid, barmhartigheid, genade. ens. 'Lig' is die sigbare uitdrukking van daardie lewe (Johannes 1:4-5)! In geestelike sin was daar altyd lig en lewe, omdat God die Ewige Een is!

Op die nuwe aarde sal Jesus Christus Self die Bron van lig wees, in geestelike en fisiese sin. Jesus Christus is die sigbare beeld en uitdrukking van die onsigbare God en sy lewe. Op die nuwe aarde sal daar nooit meer duisternis in geestelike of fisiese sin wees nie (Openbaring 21:23; 22:5)!

(1) lig (energie)	van die son dit dring deur die ruimte en wolke tot die aarde	

(2) atmosfeer		die water *bo* die wolke die atmosfeer die water *onder* in die vloed

(3) Die tweede skeppingsdag.

Genesis 1:6-8 noem die skepping van die atmosfeer ('hemel' in die sin van die lugruim) wat skeiding gemaak het tussen die water in die wolke bo aan die atmosfeer en water in die see (nou nog in die toestand van 'n watervloed sonder kontinente) onder aan die atmosfeer. Dit het tot gevolg gehad dat 'n dik laag wolke die hele aarde bedek het, sodat die lig van die son, maan en sterre nog nie vanaf die aarde gesien kon word nie.

(4) Die derde skeppingsdag.

Genesis 1:9-13 is 'n uiteensetting van die skepping van die droë land van die kontinente en eilande in die oseane (in die sin van "maak of veroorsaak" dat die aarde van die kontinente en eilande sigbaar bo die water van die oseane en mere opgestyg het). Miskien het verskuiwing van die aardplate berge gevorm en het die geleidelike afkoeling van die aarde kondensasie van water veroorsaak. Details word nie geopenbaar nie.

"Laat uit die aarde groenigheid (Hebreeus: dasha') gras (Hebreeus: deshe') en groen plante (Hebreeus: 'eseb) wat saad gee (Hebreeus: mazria' zera') en bome wat vrugte dra (Hebreeus: ets peri) voortkom elkeen na sy aard (Hebreeus: peri lemino). Dus het die aarde gras en plante wat saad dra (Hebreeus: mazria' zera') na hul aard (Hebreeus: leminehu) en vrugtebome wat vrugte dra na hul aard (Hebreeus: ets oseh peri esher zaro' bo leminehu) geproduseer (Hebreeus: jatsa'). Deur God se skeppingswoord en skeppingsdaad het die aarde allerlei soorte van plante en bome voortgebring. Water en die krag van die sonlig wat dwarsdeur die wolklaag geskyn het, het fotosintese moontlik gemaak.

God het die groei van plante deur middel van ’n proses geskep. God het die baie soorte gras, plante en bome uit die elemente in die grond geproduseer.

(3) kontinente en oseane met plante en bome op die land	

(5) Die vierde skeppingsdag.

Genesis 1:14-19 is ’n uiteensetting van die skepping van ‘tyd en seisoene’ vir menslike gebruik. God het die dik laag wolke rondom die aarde so geskuif dat genoeg direkte sonlig op die aarde kon skyn. Daarmee kon die akkurate bewegings van die son, maan en sterre vanaf die aarde (later na die skepping van die mens) waargeneem word.

Die werkwoord “maak” (Hebreeus: asah) in vers 16 beteken nie dat God die ligdraers (son, maan en sterre) eers op die vierde skeppingsdag *uit niks geskape het nie*, maar dat God “gemaak/veroorsaak het” dat hierdie ligdraers nou ook vanaf die aarde gesien kon word. God het “in die begin: (Genesis 1:1) die materie, energie, ruimte en lig geskep, maar ook gemaak dat die ligdraers (son, maan en sterre) eers op die vierde skeppingsdag vanaf die aarde *sigbaar* geword het. Die sterrebeelde kon later rigting aan mense aandui as hulle reis. En die son en maan kon die mense help om ’n landbou kalender vir die seisoene en ’n historiese kalender vir tydsberekening (dae van 24 uur en jare van 365 dae) op te stel.

Dit maak onmiddellik duidelik dat God die heelal en de aarde vir die mens geskape het! Die “groot” en “klein” lig is nie ‘n aanduiding van wetenskaplike feite nie, maar ’n beskrywing van hoe hulle vanaf die aarde gesien word.

(4) tyd	- GOD “maak” (Hebreeus: asah) die twee groot ligte (vers 16) - GOD laat iets funksioneer as Die ligdraers word nie nou eers geskep nie, maar begin nou te funksioneer as: - tekens wat die seisoene op die aarde markeer -tekens wat tyd op die aarde aangee -tekens wat rigting op die aarde aandui	

(6) Die vyfde skeppingsdag.

Genesis 1:20-23 noem die skepping van lewe in die lug en in die see, mere en riviere. Dit sluit aan die eenkant die groot seediere as walvisse, alle ander soorte visse, skulpvisse, krappe en garnale in, en aan die anderkant alle soorte van vlieënde diere as voëls, vlieënde akkedisse en insekte in.

Dis interessant dat die geologiese Kambrium periode (die oudste periode van die Paleozoïese tydperk)(545-495 miljoen jaar gelede) skielik die eerste bewyse toon van die bestaan van ongewerwelde dierelewe! Daar is hoegenaamd geen bewys vir die bestaan van 5000 spesies van marine en landdierlewe in die Paleosoïese tydperk tot die Kambrium fossiel-draende laag nie.

God se bevel om te vermeerder word nie aan die voëls en visse gegee nie, maar sy skeppende woord het hulle geseën met die vermoë om te vermenigvuldig.

(5) voëls **en visse**	- in die water (wolke) bo in die atmosfeer (lug) - in die water (oseane) onder die atmosfeer

(7) Die sesde skeppingsdag.

Genesis 1:24-26 noem die skepping van al die landdiere volgens hulle spesies en die skepping van die mens. Vers 24 sê nie dat die aarde die vermoë gehad het om self diere voort te bring nie. Deur sy skeppende woord het God die diere geskep uit die elemente (stof) wat in die aarde teenwoordig was. God het lewende hawe soos skape en beeste, kruipende diere soos slange en skilpaaie en wilde diere soos leeus en olifante geskep. Die Bybel bedoel nie om ’n wetenskaplike klassifikasie van diere te gee nie, maar beskryf die manier waarop mense na diere kyk.

(6) diere en mens	Genesis hoofstuk 1 = 'n samevatting van die skepping Genesis hoofstuk 2 = 'n uitbreiding oor die skepping van die mens (man en vrou)

Elkeen van die ses skeppingsdae was gesimboliseer deur '*n volmaakte siklus:* vanaf die begin van die duisternis van 'n skeppingsdag tot die begin van die duisternis van die volgende skeppingsdag[3]. Die werklike bedoeling van die formule: "Dit het aand geword en dit het môre geword - dit was die eerste dag", ens., was om te wys dat daar definitiewe en onderskeie stadia was in God se skeppingsprosedures. Die bedoeling van die skrywer was nie om hierdie formule te gebruik as bewys vir 'n letterlike 24-uur dag nie. God openbaar nie hoe lank die ses skeppingsdae geduur het nie! Afhangend van hoe vinnig God geskape het, kon een skeppingsdag baie lank of baie kort geduur het.

Genesis 2:1 is 'n samevattende opmerking: die skepping van die hele georganiseerde heelal was nou *voltooi* (Genesis 2:1). Genesis 2:2 sê dat die sewende dag begin het toe God sy skeppingswerk voltooi het.

2:2-3

Vraag 4. Hoe moet ek die sewende dag verstaan?

Aantekeninge.

(1) Geen slotformule nie.

Die Bybel leer nie dat God ná voltooiing van sy hele skeppingswerk net een 24-uur dag gerus het van sy werk nie. Daar is geen slotformule vir die sewende dag nie! Die sewende dag is nie soos die ander ses skeppingsdae, met 'n aanduiding dat dit geëindig het nie. Die ses skeppingsdae word gevolg deur 'n rusdag sonder 'n einde! Op die sewende dag volg daar nie meer skeppingsdae of 'n rusdag nie!

Die Nuwe Testament leer ons dat hierdie sewende dag voortgeduur het tot reg in die tydperk van die Kerk as 'God se rus'. In Hebreërs 4:1-11 word dit duidelik geleer dat toe God sy skeppingswerk voltooi het, Hy gerus het. Maar hierdie 'rus' van God ná sy skeppingswerk beteken nie dat God moeg was. Dit beteken ook nie dat God niks meer gedoen het nie! Die 'rusdag' beteken dat God opgehou het om te skep! En tog is God onafgebroke besig om te werk deur die skepping te onderhou en oor die skepping te heers (Johannes 5:17; Hebreërs 1:3).

Net so sal die volk van God, nadat hulle hul werk op die aarde voltooi het, ingaan in God se rus. Hierdie 'Sabbatsrus' (Hebreërs 4:9) van die volk van God verwys na die lewe in God se teenwoordigheid, enersyds onmiddellik na die dood in die hemel en andersyds na die opstanding uit die dood op die nuwe aarde.

(2) Die doel van die weeklikse Sabbatdag in die Ou-Testamentiese periode.

Die skema van ses skeppingsdae gevolg deur 'n rusdag waarop God nie meer skep nie het die patroon (voorbeeld) geword vir mense: ses dae werk en dan één dag nie werk nie.

Die doel van die sewende dag van die week was:

- Eksodus 23:12. Om te rus van jou weeklikse werk en dinge te doen wat jou help om asem te skep.
- Levitikus 23:3. Om saam met ander gelowiges bymekaar te kom in 'n gewyde byeenkoms.
- Markus 3:4. Om goed te doen en lewens te red.

(3) Die sewende dag van die week en die eerste dag van die week.

In die Nuwe Testament het die eerste dag van die week (die Sondag) die betekenisse van die sewende dag van die week (die Saterdag) oorgeneem en word van toe af "die dag van die Here" genoem (Openbaring 1:10), omdat:

- Jesus Christus op Sondag uit die dood opgestaan het (Lukas 24:1)
- die Gees van Jesus Christus op Sondag uitgestort is (Handelinge 2:1; Leviticus 23:15-16)
- en Christene aangehou het om op Sondag bymekaar te kom (Handelinge 2:42; Handelinge 20:7; 1 Korintiërs 16:2).

(7) rus = ophou om te skep	Die 7de dag van die week (Sabbat) vier *die einde* (voltooiing) van God se skepping. Die 1ste dag van die week (Sondag) vier *die begin* van God se verlossing!

1:26-27

Vraag 5. Hoe moet ek die verskillende dinosourusse en amper-mens wesens beskou wat duisende jare gelede geleef het?

Aantekeninge.

(1) Die skepping van dinosourus en amper-mens wesens het gebeur op die sesde skeppingdag.

Paleo-antropoloë het die oorblyfsels van amper-mens wesens gevind, wat in die algemeen bekend staan as 'aap-mense' of 'grot manne'. Hulle skat dat hierdie wesens tussen 1 750 000 en 20 000 jaar gelede geleef het. Hierdie prehistoriese skepsels kan nie maar net afgemaak word as 'ape' wat hulle mentaliteit betref nie, omdat klipgereedskap soos pylpunte

[3] In Israël begin "'n dag" ook met die begin van die aand (donker) en eindig met die end van die dag (lig), d.w.s. van ongeveer 1800 uur tot 1800 uur die volgende dag.

en byl-blaaie by hulle stoflike oorskot gevind is. Verkoolde oorblyfsels dui sterk daarop dat vuur gebruik is vir kookdoeleindes. In die aardlae met die oorblyfsels van die Neandertal-mens blyk daar bewyse te wees van begrafnis en implemente wat saam begrawe is, asof daar 'n geloof in 'n lewe ná die dood was. Sommige beeldjies wat gevind is, mag moontlik kultiese betekenis gehad het. Sommige merkwaardige grottekeninge mag van Neandertal afkoms wees. Al hierdie amper-mens wesens soos die 'Cro-Magnon' tot by die 'Zinjanthropus' moes ontwikkelde wesens gewees het omdat hulle merkwaardige intelligensie en vindingrykheid besit het.

Wetenskaplikes verskil oor moderne dateringstegnieke van hierdie prehistoriese skepsels. Genesis 1:24-27 sê dat hulle op dieselfde sesde dag geskep is as wat die mens geskep is. Maar niemand kan *die duur* van die sesde skeppingsdag bereken nie!

(2) Die amper-mens wesens was nie "mense" in die Bybelse sin van die woord nie.

Alle diere, amper-mens wesens en die mens is op die sesde skeppingsdag geskape (Genesis 1:24-27). Die Bybel sê niks oor die wyse/proses of tydsduur van die skepping van al hierdie wesens nie. Handelinge 17:26 sê, "Uit één (bloed of mens) het Hy al die nasies gemaak". En Romeine 5:12-21 leer dat alle mense ná die tyd van Adam sy afstammelinge is en dat Adam die verteenwoordiger van alle mense op die aarde is. Dit dui dan aan dat daar geen volledige verwantskap bestaan tussen die mens Adam (geskape in die beeld van God) en alle prehistoriese mensagtige skepsels vóór die tyd van Adam nie. Net soos die andere skepsels het God die mens uit die stof/klei (elemente) van die aarde geskep, maar alleen in die mens die lewensasem geblaas (Genesis 2:7). Hulle was geneties nie die voorgeslag van Adam nie. Hierdie amper-mens wesens was ook nie betrokke by die werkverbond wat God met Adam gesluit het nie (Genesis 1:28-30; Genesis 2:15-17). Hulle was ook geestelik nie die voorgeslag van Adam nie.

Hoe naby die amper-mens se skelet-struktuur aan díe van die moderne mens ook al is, is hierdie faktor van min belang vir die eintlike vraag of hierdie amper-mens wesens '*n ware menslike gees (siel of persoonlikheid)* besit het. Die implikasie van Genesis 1:26-27 is dat God 'n heeltemal ander soort wese geskep het toe Hy 'Adam' (die mens) gemaak het. Die Bybel sê niks oor die wyse/proses van die skepping van die mens nie, behalwe dat daar 'n aansienlike tyd verbygegaan het voordat Hy die vrou geskep het. Adam beteken in die oorspronklike Hebreeuse taal 'mens'. Volgens die Bybel was Adam die eerste mens wat in die geestelike beeld van God geskep is! Hy was die eerste mens in die moderne sin van die woord, "'n lewende siel" wat bestaan uit 'n sigbare menslike liggaam (na die beeld van God) en 'n onsigbare menslike gees (wat met die Gees van God kon omgaan)! Alle skepsels (ingeslote die sogenaamde "mensagtige skepsels, aapmense of grotbewoners") vóór Adam was nie na die beeld van God geskep nie. Hulle was geen beelddraers van God nie! Die skepping van die mens was uniek, want sy "liggaam" het net soos die liggame van alle ander skepsels uit die geskape elemente van die aarde bestaan, maar sy "gees" was direk deur God ingegee en openbaar dat die mens die beelddraer van God geword het. Die mens had die vermoë om die God van die Bybel te ken en met Hom om te gaan. Diere en sogenaamde mensagtige skepsels het geen siel of gees waarmee hulle die God van die Bybel kon ken en met Hom kon omgaan nie! Daar is geen bewyse uit die wetenskap wat hierdie feit weerspreek nie!

(3) Die dood van plantegroei, diere en amper-mens wesens.

'Die dood' van die mens was God se oordeel oor die sonde (ongehoorsaamheid) van die eerste mense wat volgens die beeld van God geskep is (Genesis 2:15-17). "Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal (in hul verteenwoordiger, Adam) gesondig het" (Romeine 5:12,18). "Die dood het tot alle mense deurgedring" en dit impliseer dat die fisiese dood van alle ander dinge wat geskep is, soos bome, plante, voëls, visse, diere en kruipende dinge nie eers ná die sondeval van die mens tot stand gekom het nie. Die fisiese dood van alle endere dinge was reeds dáár, vóór die sondeval van die mens, want die blote eet van kos vereis die dood van plante en gras (Genesis 1:29-30)! Baie spesies kan nie vir 'n paar uur sonder voedsel oorleef nie, m.a.w. sonder dat een of ander lewendige ding gedood word nie ('n wet in die termodinamika).

Alleen die mens (Adam) is in die beeld van God geskape en besit dus "ewige lewe" (die vermoë om 'n verhouding met God te hê), "onsterflike fisiese lewe" (as hy God sou gehoorsaam, sou hy nooit sterwe nie) en "ewig lewe" (God vir ewig ken en met Hom omgaan)! Alleen die mens was ongehoorsaam aan God se gebod en het teen God gesondig. Dus "die dood" van die mens was "'n oordeel en straf" wat alleen die mens tref! Die dood wat in Genesis 2:17 en Romeine 5:12,18 genoem word, verwys veral na "die geestelike dood", dan na "die liggaamlike dood" en uiteindelik na "die ewige dood". 'n Mens wat geestelik dood is, het geen besef van God se bestaan nie, het geen bewuste verhouding met God nie en besit nie die geregtigheid wat God vereis nie. Die ewige dood verwys na 'n ewige skeiding met God (Matteus 25:46; 2 Tessalonisense 1:9).

Nadat die eerste mense (Adam en Eva) gesondig het, het God 'n engel gestuur om die weg na die boom van die lewe te blokkeer. Dus die mens het die vermoë ewig te lewe, nie alleen vóór die sondeval nie, maar ook ná die sondeval as hy daarin sou slaag om van die boom van die lewe te eet. Deur die weg na die boom van die lewe te blokkeer, het die sondige posisie van die mens en sy geestelike, liggaamlike en ewige dood nie onomkeerbaar geword nie!
Dus, die fisies dood van die ander soorte van lewe wat anders dan die mens is, was al lank vóór die sondeval van die eerste mense 'n werklikheid. Die aktiwiteite van vleisetende diere het te make met die fisiese wette van termodinamika en nie met die sondeval van die mens nie. Mense vandag is geneigd om diere meer as "persone met menslike eienskappe" te beskou. Die gevolg is dat hulle die lyding en dood van diere net so gaan beskou as die dood van mense.

Maar Genesis 1 sê dat alleen die mens in die beeld van God geskape is. Genesis 2:15-17 en 3:16-19 het alleen die lyding en dood van die mens op die oog.

1:26-27

***Vraag 6*. Wat beteken dit om na die beeld van God geskape te wees?**

Aantekeninge.

(1) Die mens het 'n unieke fisiese natuur.

Genesis 2:7 sê dat God die mens gevorm het uit die (geskape) stof van die aarde en die lewensasem in sy neus geblaas het. So het die mens "'n lewende wese" geword. Die mens se liggaam, net soos die diere se liggame, bestaan uit die elemente wat op die aarde gevind word. Maar terwyl alle ander skepsels deur God se skeppende bevel gemaak is, het God die mens met sy eie skeppende hande gemaak. Vir die mens, nes die diere, is die lewensasem ingeblaas (Genesis 2:7, 7:22). Maar in teenstelling met die diere wat die lewe gekry het deur God se skeppende bevel, het die mens die lewe gekry deurdat God die lewe in sy neus ingeblaas het. Dit beteken dat God aan die mens asem en daarmee saam lewe gegee het.

(2) Die mens het 'n unieke geestelike natuur.

Genesis 1:26-27 sê dat die skepping van die mens nog meer spesiaal is. Die skepping van die mens word spesiaal ingelui met 'n besluit deur die Drie-enige God, "Kom Ons maak die mens na ons beeld, na ons gelykenis" (Dis 'n beter vertaling as "ons verteenwoordiger, ons beeld"). En toe het God die mens gemaak as sy beeld. Die mens het '*n geestelike natuur gekry* wat ooreenstem met God se geestelike natuur. Die mens besit die ware en kenmerkende trekke van God. Die mens was op 'n ander manier 'n kopie van God se persoonlikheid. In hierdie opsig is die mens volkome uniek in die skepping. Niks anders in die skepping, behalwe die mens, dra die beeld van God nie!

Die mens het dus 'n fisiese en 'n geestelike bestaan, of anders gestel, die mens het 'n liggaam en 'n gees. Die mense se liggaam is baie spesiaal, deurdat God hom met sy eie hande gevorm het. En die mens se gees is uniek in die skepping, omdat nét die mens met God in 'n persoonlike verhouding kan tree en nét die mens 'n beelddraer van God is.

(3) Die mens het 'n unieke verhouding met God.

Genesis 1:28-29 sê dat God direk met die mens gepraat het. Dit was na Genesis 2:15-17 die tweede openbaring van God aan die mens! Dit beteken dat die mens die vermoë het om God te ken en om met God te kommunikeer. Buitendien het God vir die mens die taak gegee om die aarde te onderwerp, om oor al die lewende diere te heers en om al die plante en bome te gebruik. God het op díe manier geopenbaar dat Hy die aarde vir die mens geskep het en dat Hy die mens as bestuurder in beheer van sy skepping gestel het.

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?
Deel en teken aan. Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Genesis 1:1 - 2:4a neer.
Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?
Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.
(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings (oortuigings) van Genesis 1:1 – 2:4a.

1:1, 28 Die eerste twee hoofstukke in die Bybel vertel ons NIE *hoe lank* God die heelal en die planeet aarde geskep het nie, maar hulle vertel ons *Wie* elke ding (alles) geskep het en vir *wie* Hy alles geskep het, naamlik vir die mense wat in (na) die beeld van God geskep is!

1:1-2. God het die hemel en die aarde geskep VOOR die ses spesiale skeppingsdae. Tydens die ses spesiale skeppingsdae het God die skepping van die heelal *voltooi* deur al die dinge op die planeet aarde te skep en te orden.

1:27-28. God se doel was en is om die aarde te vul met mense na sy beeld!

1:28. God se kulturele opdrag aan die mense is dat hulle God se skepping moet versorg.

1:31. Toe die skepping voltooi is, was daar nog nie enige boosheid in God se skepping nie! "Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed!"

2:2-3. God verlang dat mense ses dae in 'n week moet werk en een dag in 'n week moet rus.

2:4. Die eerste twee hoofstukke van die Bybel is nie 'n verbeeldingryke versinsel of storie van mense uit die oudheid oor die oorsprong van alles nie. Dis '*n geskiedenis van die skepping, wat God geopenbaar het* aan die eerste mense. Genesis 2:4 sê dit is "die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is".

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings van Genesis 1:1 – 2:4a.

Ek is ’n spesiale skepping van God. My liggaam en my gees is albei baie kosbaar vir God. Daarom sal ek nooit op myself neersien nie, myself verag of verwerp nie. Ek wil goed omsien na my liggaam en my gees.

Ek wil my God-gegewe taak ernstig opneem. Ek wil as ’n skepsel van God Hom ken en sy beeld op ’n waardige wyse dra. Ek beskou die verskil tussen man en vrou in ’n ernstige lig. En ek is aktief betrokke by die versorging van die natuur.

STAP 5. BID.	**REAKSIE**
MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Genesis 1:1 – 2:4). (Reageer in jou gebed op wat jy persoonlik in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om net een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)	

5	**GEBED** (8 minute)	***[VOORBIDDING]*** **BID VIR ANDER**

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	**VOORBEREIDINGS** (2 minute)	***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om dissipels te maak. verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie uit Eksodus 1:1 – 2:4a met iemand anders of met ’n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk van **Matteus 15:1 – 18:20**. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Memorisering. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. **(2) Sekerheid van verhoorde gebede: Johannes 16:24**. Herhaal elke dag die twee Bybelverse wat jy gememoriseer het
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering , Bybelstudie en hierdie opdrag.